MAANDAG: OPLEIDINGSINSTELLINGS

- Die uitdagings van die nuwe akademiese jaar.
- Wysheid vir dosente en onderwysers.
- Die Matrieks en hulle pad vorentoe.
- Veiligheid en koestering van brose en weerlose kinders.

DINSDAG: JEUG

- Vir goeie vriende.
- Die maak van verstandige keuses .
- Goeie verhoudings tussen ouers en kinders.
- Wyse omgang met sosiale media.

WOENSDAG: GESONDHEIDSDIENSTE

- Dokters, verpleegsters en hospitaal-personeel.
- Bid met name vir jou huisdokter en plaaslike hospitale.
- Bid vir siekes, swakkes en bejaardes.
- Ambulansdienste en paramedici.
- Wysheid vir gesondheidsowerhede.

DONDERDAG: SENDING & GETUIENIS

- Dat elke volgeling van Jesus ‘n vry-moedige getuie sal wees.
- Bid elke kwartaal vir een sendeling en sy gesin by name.
- Verspreiding van Bybels.
- Reebok-gemeente: ‘n baken van lig en hoop in die gemeenskap.

VRYDAG: DIENS VAN BARMHARTIGHEID

- Gemeente se kospakkie-projek.
- Tehuise vir bejaardes.
- Sentrums vir gestremdes.
- Diegene sonder heenkome en haweloses.

SATERDAG: HERLEWING

- ’n Lewe van Coram Deo: bewustelik voor die aangesig van God. Verdiepte verhouding met die Vader, die Seun en die Gees.
- Die bede dat die Gees vir ons nuwe harte sal gee en herlewing weer sal skenk, wat by my sal begin.
- Berou oor en belydenis van sonde.

“Vroegoggend toe dit nog stikdonker was het Hyopgestaan, buitentoe gegaan en na ‘n verlate plek vertrek. Daar het Hy (Jesus) gebid.”
(Markus 1:35)

NG KERK REEBOK

Waar elke lidmaat deel is van die liggaam van Christus

GEBEDSBULLETIN

“Bid sonder ophou.”
(1 Thessalonisense 5:17)

Plaas hierdie voubiljet in jou Bybel en bid asseblief getrou vir die werksaam-hedehede van die gemeente.

GEBEDSPUNTE VIR 2024

PERSONEEL & DIENSVERHOUDINGE

- Die **predikante** en hul huisgesinne; dr. Kobus van Zyl en ds. Chris de Wet.
- Die **orreliste**: Hester Krige - begeleiding en koor.
- Die **koster**: Jurg Oosthuizen - die voorbereiding vir elke samekoms.
- Die **skriba/kassier** : Martina van den Berg - administrasie van die gemeentelike werk.

KERKRAAD

- Blokleiers en wyksleiers.
- Diensgroepleiers**.**
- Visionêre leiding en goeie kommunikasie.
- Vir die gawe van onderskeiding om die gemeente geestelik te lei.
- 'n Fyn luister na God om die dinge te kan onderskei waarop dit werklik aankom.

GETUIENIS

- Uitreike na Suid-Soedan en moontlik nog ander gebiede.
- Jaarlikse getuienisnaweek.

GEMEENSKAPSBEDIENING

- Voortgaande groei in geloof, hoop en liefde.
- Dinamiese kleingroepe: Kruiskringe-
- wyksbyeenkomste waar ons mekaar en God ontmoet.
- Die oudio-visuele ondersteuning tydens eredienste.
- Eredienste tot eer van die Here.
- Die toerusting van lidmate.
- Bedienings: verwelkoming-, sieke- en nuwe intrekkersbediening.

JEUG

- **Voorskoolse kinders**: kleuter-kerk en die aanbieders.
- **Laerskool kinders**: Junior Kategese.
- **Hoërskool jongmense**: Senior Kategese.
- **Kategese-mentors**: vir getrouheid en 'n aanvoeling vir die unieke behoeftes van elke kind en jongmens.
- **Kampe**: vir fondse en voldoende hulpverlening deur ouers.

BARMHARTIGHEID

- Vir God se deernis en ontferming vir mense in fisiese nood: kos en klere.

EIENDOMME

- Mag die vaste bates van die gemeente die eer van God weerspieël!
- Instandhouding van kerkgbou, Strooidakkerk en Gemeentesentrum, asook die onderskeie terreine.

FONDSE

- Vir 'n koninkryksperspektief van God wat sorg en voorsien.
- Vir 'n ingesteldheid van gee en uitdeel vir die koninkryk van God met verantwoordelike rentmeesterskap.
- Vir wysheid in die opstel en bestuur van 'n begroting.

Bid asseblief om die sëen van die Here op die dissipelskapreis:

"Op reis saam met Jesus"

KONINGKRYKSWERKSAAMHEDE

Benewens die werksaamhede van die gemeente in al sy wyduiteenlopende vorme, bid ons sistematies **elke dag van die week** vir die volgende koninkrykswerksaamhede.

SONDAG: UITDRA VAN DIE EVANGELIE

- Dat elke prediker met die Heilige Gees vervul sal wees.
- Dat hoorders daders sal word.
- Dat gelowiges toegerus sal word vir hul dienswerk.
- Dat ongelowiges tot geloof sal kom.
- ·Die verspreiding van die Bybel.